# DIE REGVERDIGINGSLEER VAN KARDINAAL CONTARINI

('n Kerk- en Dogmenhistoriese beoordeling van sy *de Justificatione.*)

Die hiervolgende studie het ten doel om weer die aandag te vestig op 'n interessante geskrif uit die tyd van die Reformasie en Kontra-Reformasie, nl. die brief van Kardinaal Casparo Contarini oor die regverdiging. Hoogs interessant is die geskrif as gevolg van die lewendige diskussies wat daaruit voortgespruit het, dog ook inhoudelik is dit alreeds heel belangwekkend. Eers vooraf 'n paar grepe uit die geskiedenis wat gelei het tot die ontstaan van hierdie merkwaardige geskrif en oor die persoon van die skrywer, Kardinaal Casparo de Contarini.

Kardinaal Contarini se *de Justificatione* spruit voort uit die godsdiensgesprek wat in die jaar 1541 in Regensburg gehou is (21 April—

31 Mei) — 'n versoeningspoging om Evangeliesgesindes en Katolieke weer by-een te bring, uitgaande van keiser Karel V. Dit is voorafgegaan deur die godsdiensgesprekke van Hagenau (12 Junie — 16 Julie 1540) en Worms (einde 1540), waar gedisputeer is op grondslag van die Confessio Augustana. Die godsdiensgesprek te Worms is afgebreek deur aankondiging van die Ryksdag van Regensburg, waarop weer 'n gesprek sou plaasvind en Karel V sy pogings, om te versoen, kon deurvoer. As legaat van die pous op die Ryksdag het Karel V Kardinaal Contarini voorgestel; 'n versoek wat toegestaan is deur Paulus III. In CASPARO DE CONTARINI het die keiser sekerlik 'n goeie keuse gemaak om sy planne in die hand te werk.

CONTARINI (geb. 1483) het 'n grondige wetenskaplike en filosofiese opleiding gehad en het sy loopbaan begin in diens van die Republiek van Venesië. In 1521 het hy as gesant van Venesië aan die hof van Karel V gedien en het die keiser o.a. na Spanje vergesel en vrede bewerk tussen hom en Pous Klemens VII. Vir die keiser was hy dus geen onbekende persoon nie. In sy vaderstad Venesië het hy later in die middelpunt gestaan van die geestelike beweging wat gerig was teen die wêreldse gees in Rome. A.g.v. sy diep religieuse interesse is hy in 1535 deur Paulus III tot kardinaal verhef en hy het hom ook nou nog beywer vir 'n reformasie in die kerk. Sy opdrag wat hy as pouslike legaat by die Ryksdag gekry het was baie beperk, maar tog is dit seker dat Karel V in die ernstige man iemand gekies het wat baie sou doen om die diepe breuk in die kerk van Christus te heel.

Nieteenstaande die diepe breuk tussen die twee partye, was CONTARINI daarvan oortuig dat daar nog hoop is om eenheid te bewerk. Eck het hom by geleentheid skepties uitgespreek oor die versoeningspogings in Duitsland. Contarini was egter alles behalwe skepties en in sy antwoord aan Eck[1]) gee hy sy hoop te kenne: *Verum, doctissime Echi, etiam in causa desperata non est omnino viro christiano.*[2]) Hy beskou dit as sy taak om te bid om eenheid en vrede, dat God *instauret ecclesiae suae unitatem demisso e caelo in corda nostra spiritu suo sancto.*[3]) Aan Farnese skryf hy onderweg na Regensburg en vanuit Bologna op 12 Febr. 'n brief[4]) waarin hy sy groot verwagtings wat hy van die Ryksdag koester, te kenne gee. Hy spreek die hoop uit dat die besprekinge onbelemmerd gevoer sal word en hy is oortuig, soos hy al dikwels gesê het, dat *non ci sara nelle cose essentiali quella gran differenza, che molti credono . . .*[5])

Die 11de Maart het Contarini in Regensburg aangekom en is met groot eerbewys ontvang. Volgens 'n brief van FRANCESCO CONTARINI

---

[1]) Afgedruk by DITTRICH: *Regesten und Briefe des Card's Contarini*, Braunsberg 1881 p. 314.

[2]) Waarlik, hooggeleerde Eck, selfs in die saak is nog nie deur die Christenmens gewanhoop nie.

[3]) Die eenheid van sy kerk herstel deur sy Heilige Gees uit die hemel in ons harte af te stuur.

[4]) ib. p. 146.

[5]) Daar in die wesenlike dinge nie so 'n groot verskil sal wees as wat baie glo nie.

het baie by sy aankoms geroep: „*Benedictus qui venit in nomine Domini*" *et par che ogn' uno habbi un contento estremo della venuta sua.*[6])[7])

Die Ryksdag van Regensburg is op 5 April geopen en op die 20 April is as deelnemers aan die gesprek aangewys, aan katolieke kant: JOH. GROPPER, JULIUS VAN PLUGH en DR. JOH. ECK teenoor MELANCHTHON, PISTORIUS en BUCER aan die protestantse kant. Behalwe ECK en MELANCHTHON het hulle almal 'n versoenende houding aan die dag gelé. As grondslag van die besprekings sou dien die sg. *Liber Ratisbonensis*[8]) op versoek van Granvella opgestel waarskynlik deur GROPPER, BUCER en CAPITO (Des. 1540).

'n Beskrywing van die verloop van die gesprek het ons o.a. in die *Historia Conventus Ratisbonensis*[9]), die reeds gesiteerde brief van Francesco Contarini aan die senaat van Venesië (Cod. Marc. 902)[10]) en enkele briewe van GASPARO CONTARINI self. As *gubernatores* sou optree Paltsgraaf Frederik en Granvella. Daar is ook *auditores* en *testes* gekies. Die besprekinge is voorafgegaan deur 'n toespraak van Frederik, waarin hy die aanwesiges tot ernstige samewerking aangespoor het. Hoewel daar nog stemme daarvoor opgegaan het om die Confessio Augustana as uitgangspunt te gebruik, is die Liber Ratisbonensis tog as grondslag aanvaar. Granvella het dit punt vir punt voorgelees, waarop vrye bespreking kon volg. Die eerste dag is ooreenkoms bereik oor die oertoestand van die mens, oor die vrye wil ens. Op die 28ste Mei het die vyfde artikel van die *Liber Ratisbonensis* oor die regverdiging gevolg. Die oorspronklike bewoording was onduidelik en dubbelsinnig en het geeneen van die twee partye bevredig nie. Elke oggend het die R. Katolieke teoloë eers 'n bespreking met Contarini kom hou voordat hulle aan die gesprek deelneem. Dit is dus seker dat Contarini baie kon doen vir die totstandkoming van 'n eenheid. Sy taak het hy baie ernstig opgevat en hy het besef dat alles hopeloos sou wees as die versoeningspoging hierdie keer misluk.[11])

In elke geval is die 2de Mei 'n ooreenkoms bereik en die volgende dag skryf CONTARINI 'n brief aan die Kardinaal van Mantua[12]) waar in hy sy dankbaarheid oor die gebeure uispreek: *hieri, Iddio lodato questi theologi deputati a vedere le differentie tra catholoci et protestanti si risolsero d'accordo nell'articolo de justificatione et fide et operibus . . .*[13]) Contarini is tevrede met die inhoud en in dieselfde brief skryf hy: *a noi piaciuta questa risolutione come catholica*[13a])[14]), en hy stuur dit vir beoordeling na Rome.

---

[6]) ib. p. 154.

[7]) „Geseënd is hy wat kom in die naam van die Heer" en dit het gelyk asof elkeen uiters tevrede was met sy koms.

[8]) *Corpus Reformatorum IV*. p.190.

[9]) CR. IV 330 sqq.

[10]) DITTRICH. *op cit.* passim.

[11]) ib. p. 175.

[12]) ib. p. 324.

[13]) Gister, Godlof, het die teoloë wat afgevaardig was om die verskille tussen katolieke en protestante te ondersoek, 'n eensgesinde besluit geneem in die artiekel oor die regverdigmaking en geloof en werke . . .

[13*a*]) Hierdie besluit het ons behaag as katoliek . . .

[14]) ib. p. 325.

Die ontvangs van die artikel was in Rome nie baie gunstig nie. Sommige het dit wel verdedig maar ander was ontevrede.[15]) Die pous het dit nie goedgekeur nie, maar ook nie afgekeur nie; hy het wel duideliker bewoording verlang. Die artikel is in elk geval deur 'n konsistorie te Rome verwerp op die 27ste Mei.[16]) Ook die protestante was ontevrede en Luther sowel as Melanchthon het hulle afkeurend daaroor uitgespreek. In Rome o.a. ook ANGELO, die teologiese adviseur van GONZAGA, die kardinaal van Mantua, besware geopper.[17]) Waarskynlik is die *de Justificatione* 'n antwoord op die besware van Angelo. Die brief van Contarini oor die regverdiging is gedateer 25 Mei te Regensburg en is gerig aan 'n sekere monnik in Mantua.

Die Venesiese uitgawe van die brief (1578 en 1589) het die sensuur van die inkwisisie ondergaan en 'n poging is aangewend om alles daaruit te verwyder wat nie in ooreenstemming is met die kerkleer soos geformuleer te Trente nie.[18])

Die oordele oor die leer bevat in die *de Justificatione* is uiteenlopend en in hoofsaak staan hier drie beskouings teenoormekaar.[19])

Die teoloë van die *Sorbonne* het in hulle uitgawe van al Contarini se werke in 1571 die volgende oordeel daaroor uitgespreek: *Nihil comperire licuit, quod sit catholicae Ecclesiae aut sacrosanctis patrum sanctionibus dissonum quodque possit pium quemquam et christianum lectorem offendere.*[20]) Ongeveer in dieselfde terme het Kardinaal Pole, wat egter self in sy opvattings naby die van Contarini gestaan het, hom daaroor uitgelaat: *Id quod video in difficillima iustificationis materia egregie te in illa epistola praestitisse, omnia autem scripturis et ecclesiae sensui maxime convenientia conclusisse . . .*[21]) In die moderne tyd het SEEBERG[22]) dit beoordeel as die thomistiese leer gewysig onder invloed van Gropper ea.

Hierteenoor staan die ander uiterste wat die brief as protestants beoordeel. As vernaamste vertolker van hierdie beskouing dien genoem te word THEODOR BRIEGER wat meen dat die grootste onderskeid tussen protestantse en Rk. leer hierin, die terminologie is. Tussenin staan ander wat Contarini se regverdigingsleer as 'n kompromis tussen die katolieke en reformatoriese beskouing opvat. Die vernaamste hiervan is HÜNERMANN.

---

[15]) ib. p. 188.

[16]) ib. p. 187.

[17]) HÜNERMANN: *C. Contarini: Gegenref. Schr.* p. XX c.f. Tüb. Theol. Q. 1921 (102) p. 3.

[18]) Veranderinge afgedruk by HÜNERMANN. XXXV.

[19]) ib. XXI.

[20]) Dg. IV, 2, 748 v.v. Daar kon niks in gevind word wat nie in ooreenstemming is met die heilige uitsprake van die katolieke kerk of vaders nie en wat enige vrome of christelike leser aanstoot kan gee nie.

[21]) So-ver ek sien het jy jou in daardie brief wonderlik getoon in die uiters moeilike stof van die regverdiging en het jy jou konklusies almal getrek in groot ooreenstemming met die skrif en met die interpretasie van die kerk . . .

[22]) Veral in Th. St. Kr. 1872, p. 87 v.v.

'n Kort bespreking van die *inhoud* van die geskrif is op hierdie stadium gewens, teneinde self 'n oordeel daaroor te kan vel.

I. In 'n kort *inleidende paragraaf* sê CONTARINI dat hy die geleentheid om sy teenstander te antwoord aangryp, om die moeilike vraag oor die regverdiging weereens te verduidelik, want dis 'n kwessie waaroor baie mense geskrywe het, dog hulle meer deur 'n vrome gevoel laat lei het as om oordeelkundigheid en oorleg te gebruik. Hy het gemerk dat baie die woorde *justificatio*, *fides* en *charitas* op die lippe het, maar dat net weiniges verstaan waaroor die dinge waaroor hulle geskrywe en lawaaigemaak het, nou eintlik gaan. As gevolg van die onsekerheid het dit meermale gebeur dat persone in Rome van kettery beskuldig is, dog na bespreking van hulle saak vrygespreek is. Dit het daartoe gelei dat daar geskrifte oor die regverdiging verskyn het, wat net die gesag van die Lutherane verhoog het. Die brief van sy korrespondent was dus 'n goeie aanleiding, meen CONTARINI, om die hele kwessie weer te bespreek en 'n einde te maak aan die onsekerheid. Dit is dan die direkte aanleiding tot die brief soos ons dit in die geskrif self vind.

Oor die onsekerheid wat in Rome geheers het t.o.v. die regverdigingsleer het CONTARINI hom in 1542 weer uitgespreek in 'n brief aan Kardinaal Pole[23]) en hier sit hy die situasie as volg uiteen: Na 'n kort uiteensetting van die Lutherse leer—*la fabrica luterana compresa in poche parole*[23a]) — beweer hy dat die *aedificio luterana* na Italië en na ander dele van die Christendom oorgedra is en is as 'n *monstro contrario al senso della chiesa universale*[24]) in vermomde gedaante aangeneem.[25]) Sommige wat die gevare en verskriklike konsekwensies van hierdie leer ingesien het, het dit begin bestry en selfs gesê dat ons deur werke voor God regverdig word en nie deur Christus nie en dat die vrye wil nie tot sonde dien nie. Hiermee het hulle die fondament van die christelike geloof aangeval, met die gevolg dat die agting van die Lutherane gestyg het. Ander het selfs Lutherane geword. Aan Pole gee hy dan te kenne dat mens jou tussen hierdie *skylla* en *charibdis* in moet beweeg en jou moet hou aan die leer van die Kerk. Sover die brief aan Pole.

Dit blyk dus dat alles vir die ernstige kardinaal gaan om die goeie naam en eenheid van sy kerk. Alles gaan vir hom daarom om ook in Rome sekerheid te bring oor 'n onsekere toestand wat aanleiding tot soveel moeilikhede gegee het.

II. CONTARINI beskryf vervolgens die *vernaamste terme en begrippe* wat ivm. die *justificatio* ter sprake kom, nl. *justitia*, *justum fieri* en *fides*. Van die *justificatio* gee hy eers vooraf die volgende definisie. *Justificari igitur nihil aliud est qaum justum fieri ac propterea etiam haberi justum.*[26]) Dit lyk dus of die kardinaal hier die regverdigspreking afhanklik maak van die rëel regverdigword. Dit is duidelik 'n omkering van die protestantse

---

[23]) DITTRICH *op. cit.* p. 353 vv.

[23a]) Die Lutherse gebou in 'n paar woorde saamgevat . . .

[24]) Monster wat verskil met die sin van die hele kerk . . .

[25]) ib. p. 355

[26]) Om geregverdig te word is dus niks anders as om regverdig te word en *daarom* ook vir regverdig gehou te word nie.

leer. Ook later maak hy die onderskeiding *justificari seu justum fieri sumptum etiam efficiente.*[27])[28]) Die hoofinteresse lê by die werklik regverdig word, geoordeel na die definisie. Die vraag bly nou van hoeveel belang hierdie formulering verder vir CONTARINI is en of dit konsekwent in sy leer deurgevoer word.

Nou volg 'n bepaling van die verskillende *soorte justitia — particularis* en *universalis* en *justitia* in metaforiese sin soos by PLATO. Veel belangriker is egter die spesifiek christelike *justitia* wat 'n spesifiek christelike lewenswyse omvat: *quaerimus iustitiam et bonitatem, quae deceat filios Dei, cuius adoptionem assequimur per Christum, ut vocemur et simus filii Dei, ut simus consortes divinae naturae* (II Petr. 1:4v.)[28a]). Eers hierdeur word ons geregverdig voor God. Deur ander vorme van geregtigheid word ons geregverdig voor die mense. Die menslike *justitiae* is baie geringer as die *justitia* wat beoefen word deur die kinders van God, deur die *consortes divinae naturae.*

By *justum fieri* teken CONTARINI aan: *Fieri* en *facere* kan op tweeërlei wyse verstaan word: Ons sê bv. Kalk maak 'n muur wit en die handeling van die skilder maak dit wit. So kan mens sê *sanitas* maak mens gesond of medisyne maak mens gesond. In die twee eerste gevalle is dit 'n inherente kwaliteit (*forma inhaerens corpori*) wat 'n sigbare resultaat bereik en 'n mens kan dit 'n *factio formalis* noem, en die handeling *formaliter facere.* In die *tractatus de Gratia* bedien ook Thomas[29]) hom van die eerste voorbeeld om te toon dat die genade 'n *qualitas* is. Die genade werk nie *per modum causae efficientis* nie, maar per *modum causae formalis.* Wanneer aan die anderkant die skilder se handeling en die werking van die geneesmiddel werklik wit- en werklik gesondmaak, dan is die handeling *efficienter* uitgevoer.

Vervolgens bepaal CONTARINI wat onder die begrip *fides* verstaan moet word. Eerstens is daar die objektiewe geloof, *id quod creditur* en tweedens die *habitus* waardeur ons die dinge glo wat deur God geopenbaar is. Derdens kan mens ook die geloofshandeling self geloof noem. Die handeling word opgewek deur die verstand, maar word deur die wil beheers. Vierdens is dit *fiducia* en kan dan die betekenis *trou* hê, of meer in die betekenis *spes* of *confidentia* gebruik word. Hiermee voer CONTARINI wel 'n betekenis van *fides* in wat by THOMAS[30]) nie voorkom nie, maar wat tog ook nie totaal vreemd is in die katolieke leer nie. In Trente se dekreet oor die regverdiging word eensydige beklemtoning daarvan veroordeel: *Si quis dixerit, fidem justificantem nihil aliud esse quam fiduciam divinae misericordiae . . . vel etiam fiduciam solam esse, qua justificamur . . . anathema sit.*[31])

Op hierdie stadium is dit moeilik om te sê hoeveel die *fiducia* vir

---

[27]) HÜNERMANN. *Contarini: Gegenref. Schriften* p 26.

[28]) Om geregverdig te word of om regverdig te word, word ook geneem met die oog op die uitwerking.

[28a]) Ons ondersoek die regverdigheid en goedheid wat pas by die kindere Gods, die aanneming waarvan ons verkry deur Christus, sodat ons kindere Gods genoem kan word en is, sodat ons deelgenote aan die goddelike natuur kan wees . . .

[29]) *S. Th.* I,II Art. II qu. 110.

[30]) cf. *Conc. Trid. Sess.* VI.c5.

[31]) As iemand sou sê dat die regverdigmakende geloof niks anders is as vertroue op die barmhartigheid van God nie, . . . of ook dat dit alleen vertroue is waardeur ons regverdiggemaak word . . . moet hy vervloek wees.

CONTARINI beteken, daar die definisies heel algemeen gehou is. 'n Belangrike plek neem dit in elk geval nie in sy gedagte in nie. Die begrip pas hy verder nog maar eenmaal toe in sy traktaat oor die regverdigmaking. Dat hy dit egter wel onder die verskillende betekenisse van *fides* noem, gee die skyn asof CONTARINI hier die goeie reg van hierdie kernstuk van die protestantese leer wil verdedig, maar oor die algemeen is die begrip nie beslissend vir sy gedagtes nie en hieruit is myns insiens niks met sekerheid te konkludeer nie.

Voordat hy nou tot die algemene bespreking oorgaan, maak Contarini nog 'n verdere onderskeiding. *Justificari* kan op twee verskillende wyses opgevat word, nl. 1) *cum quis ex iniusto efficitur iustus* (*proprie*)[32]) dws. die eintlike regverdigmaking van die sondaar; en 2) waneer die regverdige nog regverdiger word, di. die leerstuk van die bewaring en die vermeerdering van die geregtigheid. Hierop volg nou 'n bespreking van die *justificatio* onder hierdie twee gesigspunte.

III. *a*) *Die regverdigmaking — qua impius adultus ex iniusto fit iustus.*

Die *causa efficiens* hiervan is die Heilige Gees, want God alleen vergewe sondes, God gee genade, God regverdig die goddelose. Die wyse waarop die Gees dit tot stand bring is 'n *motus*, dis 'n *inspiratio* waardeur Hy die verstand verlig en die wil beweeg. Die Heilige Gees beweeg die wil deur die mens tot God te bekeer en so word die hart deur God voorberei en die mens berei homself voor. Die *conversio* is vrywillig en nie *coacta* nie. Die doel van die beweging is God self. By die beweging moet egter 'n afkeer van die sonde kom, want in elke beweging gaan dit van die een kant na die ander. Hierdie *motus* of *actus* kan ons gewoonweg *fides* noem. Dit het psigologies sy oorsprong in die wil, wat in gehoorsaamheid aan God en die objektiewe geloof bewerk dat die verstand toestem op wat deur God ge-openbaar is en so *vertrou* op die beloftes van God en daaruit 'n vaste *fiducia* put. Die belofte van God waaruit die *fiducia* spruit, is dat God die sondes vergewe en die goddeloses regverdigmaak *per mysterium Christi*. In die bekeerde giet God sy Gees in, genees hom, heilig hom, regverdig hom en neem hom aan deur die Gees van Sy Seun en as dit in ons harte ingestort is, roep ons „Abba Vader!" Met die Gees van Christus gee Hy ons egter Christus self en al sy *justitia* maak Hy gratis ons s'n en reken dit toe aan ons wat Christus aangetrek het. Terwyl die siel so voorberei word en die mens homself voorberei, moet die bekeerde die goeie doen en waak teen die kwaad, aangesien so 'n *praeparatio* nie eensklaps geskied nie, tensy daar 'n wonder gebeur.

In hierdie beskrywing van die voorbereiding van die sondaar op die regverdiging verraai CONTARINI sy *thomistiese inslag*. Die thomistiese leer van God as die *primum movens* van wie alle beweging uitgaan en wat die wil van die mens aangryp is hier duidelik tot uiting gebring. Dit gaan van God uit en dit gaan weer terug na God. Die *praeparatio* of *dispositio ad gratiam* is by die mens nodig net tov. die regverdigende genade, so leer Thomas.[33]) In soverre God egter as *primum movens* die wil beweeg is die

---

[32]) As iemand van 'n onregverdige 'n regverdige (in die eintlike sin) gemaak word.
[33]) *S.Th.* I,II qu. 112, 2 en 3.

disposisie nie nodig nie. Soos reeds gesê kom die *fiducia* in die traktaat nog net hier voor, dog dan in die verskillende betekenisse wat CONTARINI in die begin daaraan gegee het. Aan die eenkant is dit nou verbonde met die toestemming, met die *assensio*, die aanvaarding van die objektiewe geloof, wat die kerk voorskryf. Wat deur ons vertaal is as openbaring, is in eintlike sin die oorgelewerde, die „tradisie" wat in die kerk leef en voorgeplant word. In die tweede geval gee CONTARINI dit ooreenkomstig sy definisie die betekenis hoop, vertroue, op die beloftes van God. SEEBERG[34]) het ongetwyfel reg wanneer hy meen dat hier sprake is van subjektiewe heilssekerheid. In die opsig nader CONTARINI hier dan ook ongetwyfeld die protestantse „vertrouensgeloof" en tog is hier weer 'n wêreldwye verskil, want hier spreek myns insiens tog ook weer die Katoliek vir wie dit in die eerste plek gaan om *assensio*, om gehoorsame aanvaarding van die „*traditio*" soos dit leef in die kerk waarin hy staan. Sy vertrouensgeloof gaan ongetwyfeld via kerkleer. Verder is dit vertroue op die belofte dat ons sondes vergewe is *per mysterium Christi*, dog ook hier is die *mysterium* in wye sin op te vat nl. soos die misterie van die inkarnasie lewend voortwerk in die sakramente, wat beheer en bedien word deur die Kerk. Ons kan dan konkludeer dat CONTARINI hier ongetwyfeld, in elk geval wat een enkele woord betref, die protestantse beskouing nader, maar sy interpretasie daarvan is Katoliek.

Behalwe die algemeen Thomistiese grondslag, is hier ook te wys op ooreenkoms met die *Liber Ratisbonensis*.[35]) Ook hier gaan dit om 'n *motus spiritus sancti*, waardeur die wil beweeg word *ad detestationem peccati*. Oorigens word hier egter meer klem gelê op die *paenitentia* en sondevergewing „*per mysterium Christi*" kom nie voor nie. Miskien kan dit vir ons 'n aanwysing wees dat CONTARINI meer sakramenteel dink as die geval is in die *Liber Ratisbonensis*. Hoewel die sakramente hier nie direk genoem word nie, is dit hoogs waarskynlik dat CONTARINI by terme soos aantrek van Christus, ingieting van die Gees en aanneming tot kinders, aan die doop dink, dog aangesien dit hier alweer maar net tussen die reëls te lees is, is dit beter om te kyk of daar nie in die res van die traktaat meer lig op val nie.

Al is daar so 'n voorbereiding nodig, gaan CONTARINI voort, beteken dit nie dat *sanctificatio* en *justificatio* op grond van ons werke gegee word nie, maar tog kan ons sê dat dit aan die geloof verskuldig is (*debetur fidei*). Ons verdien die regverdigmaking nie deur die geloof en omdat ons glo nie, maar ons ontvang dit deur die geloof. BRIEGER[36]) noem hierdie woorde klassiek en heeltemal in ooreenstemming met die protestantse leer en tog is so 'n gedagte ook nie totaal vreemd vir THOMAS nie.

Hierdie *acceptatio*, gaan CONTARINI voort, noem THOMAS[37]) *applicatio* en beskou die lyde van Christus as 'n medisyn wat elkeen op homself

---

[34]) *Zeitschr. f. Kirchl. Wissensch. und Kirchl. Leben*. 1889 p. 660.
[35]) *CR*. IV., p. 199.
[36]) *op. cit.* p. 102.
[37]) S.*Th*. III, 3 qu. 49, 3 Art. 1.

aanwend *per fidem et sacramenta fidei.* Hier is dit ook weer heel waarskynlik dat CONTARINI aan die sakramente dink, hoewel 'n betekenis soos heilsgeheime van die geloof ook nie uitgesluit is nie.

Sy bespreking van *regverdigmaking deur die geloof* begin CONTARINI dan met die woorde: *Fide justificamur, non formaliter, quod scilicet fides inhaerens nobis efficiat nos iustos, sicut albedo efficit parietem album aut sanitas hominem sanum; nam hoc pacto charitas et gratia Dei nobis inhaerens et iusticia Christi nobis donata et imputata efficit nos iustos.*[38]) Onder *fides* is dan geen *habitus* te verstaan nie, maar die *motus animi*, bewerk deur God. Hierdie stelling (nl. regverdiging deur die geloof) is waar, alleen as dit *efficienter* opgeneem word. Enige *motus* is egter onvoltooid as dit nog nie sy *terminus* bereik het nie en so is die geval ook met geloofsbeweging, wat ook onvoltooi is as dit nie die liefde bereik het nie. Hier is CONTARINI dan ook suiwer Katoliek: *Idcirco fides, quae justificat est fides formata per charitatem seu efficax per charitatem.*[39]) Duidelikheidshalwe is hier weer te herinner aan die definisies wat CONTARINI aan die begin gegee het. Die stelling *fide justificamur* kan alleen maar waar wees as dit *efficienter* geskied, dws. as 'n handeling van buite af 'n resultaat bewerk. Die *fides* is dan geen *forma* of *habitus* nie, maar daad, dog daad bewerk deur God. Die *formaliter* regverdigword staan in verband met die *charitas* en genade van God *nobis inhaerens.* Die regverdiging is alleen moontlik as God die wil aangryp en die wil na God toe neig om Hom in liefde aan te hang. Ook hier bly CONTARINI getrou aan THOMAS, want ook by hom is die eindpunt van die geloofsbeweging die *charitas.* En tog staan CONTARINI ook hier weer op een lyn met die *Liber Ratisbonensis*[40]) wat leer *per fidem vivam et efficacem justificari peccatorem,* 'n stelling wat die Katolieke met wantroue bejeën het, soos blyk uit 'n brief van BEMBO aan CONTARINI 27 Mei 1541.[41])

Sover is dus vastestel dat ons tot 'n *duplex iustitia* kom deur die geloof, di. 1) *justitia inhaerens,* tesame met *charitas* en *gratia,* waardeur ons *consortes divinae naturae* word en 2) *justitia Christi* wat aan ons geskenk en toegereken word, *quoniam inserti sumus Christo et induimus Christum.* Die inlywing en werklike verandering gaan die ge-imputeerde geregtigheid vooraf. Die vraag bly nou egter welke een van die twee soorte geregtigheid ons moet nastreef en deur welke ons geregverdig is voor God, di. waardeur ons as *sancti* en *justi* beskou word. Moet ons hiervoor vertrou

---

[38]) Ons word geregverdig deur die geloof, nie formeel nie, dws. omdat ons inherente geloof ons regverdiges maak soos wit kleurstof 'n muur wit maak of gesondheid 'n mens gesond maak; want op die wyse maak die liefde en genade Gods wat ons aankleef en die geregtigheid van Christus wat ons geskenk en toegereken is, ons tot regverdiges.

[39]) Daarom is die geloof wat regverdigmaak, geloof gevorm deur liefde of werksaam deur die liefde.

[40]) CR. IV, 199.

[41]) *alcuni . . . habbiano dubitato, che quella parole fidem efficacem posta nella resolutione dell' articolo de justificatione non dia a qualche tempo ansa a coloro che vorran malignare, d'interpretarla sinistramente.* DITTRICH. *op. cit.* p. 187. VERTALING: Party . . . net betwyfel of daardie woord „'n geloof wat werk", geplaas in die besluit oor die artikel van die regverdigmaking nie op enige tyd aan hulle wat sou wil laster 'n houvas sou gee om dit in ongustige sin uit te lê.

op die inherente geregtigheid en liefde of op die geregtigheid van Christus wat ons geskenk en toegereken word? As sy eie opinie spreek CONTARINI hier uit: *Ego prorsus existimo pie et christiane dici, quod debeamus niti, niti inquam tamquam re stabili, quae certo nos subtentat, iusticia Christi nobis donata, non autem sanctitate et gratia nobis inhaerente*[42]) Die inherente geregtigheid bly *inchoata et imperfecta* en ons oortree nog in baie dinge; die gebed om sondevergewing bly altyd nog nodig. Die enigste en ware geregtigheid is ons geskenk en dit is ons enigste sekere geregtigheid. Dit is die kosbaarste skat wat aan die Christen gegee is en is die kosbaarste pêrel, waarvoor mens alle ander dinge kan nalaat. (Phil. 3:8vv.)

Ook hier weer is dit goed om te vergelyk met die *Liber Ratisbonensis.*[43]) *Etsi autem is, qui justificatur, iustitiam accipit et habet per Christum . . . quod est inhaerentem iustitiam accipere . . .tamen anima fidelis huic non innititur, sed soli iustitiae Christi nobis donatae.*[44]) Dit blyk dat CONTARINI hier ook onderskryf wat geleer word deur die betreffende artikel en ons kan aanneem dat hy besig is om dit te verduidelik. Uiteindelik is die mens dus aangewese op vergewing van sondes, op 'n regverdigverklaring deur God, dog hier is dit die verdienste van Christus en sy geregtigheid wat ons ten goede kom.

CONTARINI gaan nou as volg voort: Namate die heiliges en regverdiges in heiligheid vorder, word hulle oog geskerp vir hulle eie sondes en smette en leer hulle om nie meer hulle vertroue op die inherente geregtigheid te stel nie, maar om alleen op Christus te vertrou. THOMAS sê van die *doopssakrament* dat alle sondes daardeur afgewas word, sowel as alle skuld en verklaar dit so dat elkeen gedoop word in die dood van Christus en met Hom begrawe word. (Rm. 6:3vv.) Dis met die gedoopte so asof hy met Christus gely het, met Hom begrawe is en met Hom in 'n nuwe lewe opgestaan het. THOMAS sê dan dat die lyde en *meritum* van Christus aan ons geskenk is en aan ons toegereken word in die doop wat 'n *sacramentum fidei* is. — *ecce quam praeclare dicit doctissimus pariter et sanctissimus vir mortem Christi, passionem ac meritum nobis donari, nobis imputari in baptismate, quod est fidei sacramentum.*[45]) Na 'n behandeling van enkele tekste uit die Bybel, wat deur sy korrespondent teen hom aangevoer is, konkludeer CONTARINI as volg: *Mihi videntur hi loci adducti esse adeo perspicui quod nullam dubitationem facere passint in sententia ea, in qua catholici et protestantes convenerunt,*[46]) waaruit alweer blyk dat hy

---

[42]) Ek dink, om vroom en christelik te spreek, dat ons moet steun op die regverdigheid van Christus wat ons geskenk is, — ek sê steun, soos op 'n vasstaande ding wat ons sekerlik ondersteun — en nie op die heiligheid en genade wat inherent in ons is nie.

[43]) CR. IV, 200.

[44]) Hoewel hy dan wat geregverdig word regverdigheid ontvang en besit deur Christus . . . d.w.s. inherente regverdigheid ontvang . . . steun die gelowige siel nie hierop nie, maar alleen op die geregtigheid van Christus wat ons geskenk is.

[45]) Kyk hoe duidelik sê die hooggeleerde en allerheiligste man dat die dood van Christus, sy lyde en verdienste ons geskenk word en ons toegereken word by die doop, wat 'n geloofsakrament is.

[46]) Vir my lyk dit asof hierdie aangevoerde tekste so duidelik is dat hulle geen twyfel kan veroorsaak in die leerstuk waarin katolieke en protestante ooreengekom het nie.

die artikel oor die regverdiging in die *Liber Ratisbonensis* probeer regverdig. Verder word nou nog duideliker dat dit werklik die geval is soos ons hierbo al konstateer het. CONTARINI se gedagtes beweeg binne die raam van die thomistiese sakramentele mistiek en die hele soteriologie kry sy betekenis eers binne die kerk en die sakramente. Die imputasie-leer sê vir hom niks buite die sakramente om nie. Dat hy hier die uitdrukking *sacramentum fidei* vir die doop gebruik, toon ons ook alweer dat hy met *sacramenta fidei* hierbo wel deeglik gedink het aan die sakramente.

*b*) Tenslotte volg 'n bespreking oor die *justificatio quo quispiam iusto fit iustior.*[47])

Elke plant, ja elke voortbrengsel van die natuur, is nie dadelik in sy volmaakte vorm gereed nie, maar daar vind 'n bepaalde *progressus* plaas totdat dit die perfekte toestand wat by sy natuur pas, bereik. So groei die mens ook liggaamlik totdat hy die *perfectio* bereik wat deur die natuur vir hom bestem is.

Dieselfde is die geval met iemand wat deur die geloof die liefde en die Gees van Christus bereik het en 'n nuwe skepsel in Christus geword het. As hy wil bly in die staat waarin hy geestelik gebore is en tog nie verder vorder nie, is dit seker dat hy binne 'n kort tydjie sal terugval en die Gees en die *justitia* wat hy ontvang het verloor. *Want niemand kan vir homself die geregtigheid van Christus toe-eien as hy nie die Gees van Christus het nie en nie in Christus lewe nie.* Hier verraai CONTARINI duidelik weer dat die definisie wat hy aan die begin, van die regverdiging gegee het vir hom van groot betekenis is. Die *justum haberi* is deur *propterea* met die *justum fieri* verbonde. Die eerste kan nooit sonder die laaste nie. Die *meritum* van Christus kan die mens maar eers ten goede kom wanneer die natuur van die mens 'n verandering ondergaan het.

Die *progressus* geskied deur innerlike of uiterlike goeie werke. Die *charitas*, die Gees van Christus, die genade wat altyd voortvloei uit die volheid van sy genade kan nooit ledig wees nie, maar oefen sigself met innerlike meditasie en gebede, of met uiterlike goeie werke. So vermeerder die liefde en genade en ook die geloof, want ons vertrou al hoe meer op Hom, hoe meer ons Hom liefhet en so word ons al hoe meer regverdig. So kan mens sê die *regverdiging kom tot stand deur werke*; dit kan netso goed *justificatio operum* genoem word. Die eerste beweging egter waardeur mens 'n nuwe skepsel in Christus word is nie 'n verdienste van ons werke nie, maar is te danke aan die Heilige Gees wat ons harte beweeg, deur hulle af te keer van die sondige lewe en hulle deur die geloof te rig tot God *per Christum*. Uit die werke wat hierop volg blyk die *justificatio* en *fides perfecta seu formata et efficax per charitatem*. Sonder goeie werke is die geloof *imperfecta* en *inanis*. Mens kan dus met reg sê dat ons uit werke regverdig word en netso goed is die ander stelling waar dat ons nie uit werke regverdig word nie maar deur die geloof.

Hierdie laaste beskrywing van die bewaring en vermeerdering van die regverdigheid beantwoord ook aan die *Liber Ratisbonensis*.[48]) Ook hier

---

[47]) Regverdigmaking waardeur iemand van 'n regverdige 'n (nog) regverdiger mens word.

[48]) CR IV. 201.

gaan dit daarom dat ons nie in *eo gradu innovationis nostrae, quem primum nacti sumus, otiosi consistamus, sed crescamus in ipsum per omnia, qui est caput.*[49])

Hiermee het ons aan die einde van die traktaat van CONTARINI oor die regverdiging gekom en kan ons eers kortliks op die vernaamste resultate wys. Dit blyk dat alles van God uitgaan, wat die wil van die mens beweeg deur die Heilige Gees. Deur die doop word die mens dan ingelyf in die liggaam van Christus en kry so deel aan die natuur van God. Die mens gaan 'n goddelike lewe voer. Mens kan dus spreek van 'n *justificatio operum*, wat in die lewe gekenmerk word deur 'n geleidelike *progressus* in die regverdige. En tog is dit nie genoeg nie, want die Christen kan nog faal en is in die laaste instansie aangewese op die geregtigheid en *meritum* van Christus, wat aan ons gegee en toegereken word *omdat* ons ingelyf is in sy liggaam. Die belangrikste bly vir CONTARINI egter die eerste, die meer mistieke kant van die verlossing waardeur die mens vergoddelik word deur die misterie van die inkarnasie. Daarby draai alles om die *corpus mysticum* en uiteindelik om die *Kerk*.

Ter vergelyking volg hier enkele sitate uit ander werke van CONTARINI. Hier maak ek egter geensins op volledigheid aanspraak nie, dog ek wys alleen maar op enkele gevalle wat my die meeste opgeval het.

Oor die *doop* en sakramente sê CONTARINI elders[50]) die volgende. Die mens word in die doop gebore tot 'n nuwe wese. Hy neem die hele dood van Christus in homself op. In die ander sakramente, word hy deelgenoot aan Christus. *Item datur in baptismate participatio quaedam divinae naturae, efficimur enim in Christo Dei filii per baptisma . . .*[51]) so word die genade deur die doop meegedeel.

Verder is te wys op die *Confutatio Articulorum seu Quaestionum Lutheranorum* wat in tydsorder voor die *de Justificatione* geskryf is. Hier definiëer hy die regverdiging as volg: *Hac in re* (sc. *in justificatione*) *scias velim, justificationem hominis apud Christianos nihil aliud esse quam fiere participem divinae justitiae, quae scilicet homini suapte natura non convenit, sed ei tribuitur ex divina liberalitate ac bonitate.*[53]) Die mens word deur hierdie regverdigheid bo die *status hominis* verhef en word *particeps concors divinae naturae.*[54]) Ons word *formaliter* geregverdig, di. *efficimur divini per gratiam, quae est quaedam spiritalis qualitas in animam a deo*

---

[49]) Op die trap van vernuwing wat ons eerste behaal het ledig bly staan nie, maar in alle opsigte in Hom wat die Hoof is, ingroei.

[50]) *De Sacramentis* II, Cap. I(Op. Omn. fol. 341.)

[51]) So word ook in die doop 'n bepaalde deelgenootskap aan die goddelike natuur gegee, want ons word in Christus tot kindere Gods gemaak deur die doop.

[52]) HÜNERMANN. *Gasp. Contarini: Gegenref. Schriften.* p. I sqq.

[53]) In hierdie saak (nl. die regverdiging) wil ek graag dat jy weet dat die regverdiging van iemand by die Christene niks anders is nie as om 'n deelgenoot te word van die regverdigheid van God, wat natuurlik nie van nature by hom pas nie, maar wat hom geskenk word uit Gods vrye beweging en goedheid.

[54]) of. HÜNERMANN. ib. p2: *Paucis ergo concludamus nihil aliud esse justificationem hanc nisi spiritualem generationem per quam efficimur consortes divinae naturae et in filios dei adoptamur.* VERTALING: Laat ons kortliks besluit dat hierdie regverdigmaking niks anders is as 'n geestlike verwekking waardeur ons deelgenote van die godlike natuur word en tot kinders van God aangeneem word.

*optimo infusa.*[54a]) Hiervoor is 'n disposisie nodig en dit bestaan uit *fides, qua tendimus in Christum et in deum*; as sodanig is die geloof geen *habitus* nie, maar *actus*. Uit 'n geloof waardeur ons na God toe neig, moet goeie werke spruit en so kan ons sê dat die mens geregverdig word uit werke en nie uit die geloof alleen nie. Hierdie vroeëre beskouing verskil nie so baie met die latere nie. In die *de justificatione* behou CONTARINI heeltemal die *formaliter justificari* en ken alleen relatiewe waarde toe aan aan die stelling *justificari ex fide*. Dit kan alleen waar wees in soverre mens dit *efficienter* opneem. Dit is as dit uitgaan van God en as Hy die mens beweeg tot liefde. Ook hier weer is dit uiteindelik alleen die geloof wat deur die liefde sy beslag gekry het wat die beslissende is in die regverdiging. Dit is die *credere in deum*, 'n uitdrukking waarin die mistieke aankleef van God altyd meeklink.[55])

Verder is te wys op die *de Praedestinatione*, waar CONTARINI die gang van sake as volg beskrywe: *Item et quidem homini gratiam, quae divinae naturae participatio quaedam est, largitus iam fuerat quo quasi iacto semine ad divinae felicitatis communionem paulatim deduci posset*[56])[57].) Hy wat in Christus wedergebore is begin 'n hemelse en geestelike lewe voer, verafsku die aardse dinge en be-oefen die werke waarmee hy uiteindelik die *ewige geluksaligheid verdien*.[58])

Ook in die briewe kom nog enkele interessante gegewens voor. Een daarvan het ons in sy briefwisseling met PIGHIUS.[59]) In 'n brief aan CONTARINI[60]) onderskei PIGHIUS die regverdiging in vergewing van sondes en geregtigheid van Christus wat ons toegereken is. Die vergewing maak hy ook afhanklik van die „bekleding met die geregtigheid van Christus". Daarnaas stel hy egter die hoofsom van alles in die liefde teenoor God waaronder hy 'n daad van ons kant verstaan. Verder bestry hy die gedagte van die *habitus* en voer skriftekste aan om te bewys dat die genade in die H. Skrif 'n gesindheid van God jeëns ons is en dat dit sowat sinoniem is met *misericordia*. In sy antwoord[61]) bestry CONTARINI die opvatting van PIGHIUS. Die geregtigheid van Christus kan nie toegereken word aan hulle *qui non sunt inserta Christo* en ons kan nie in Hom ingelyf word deur 'n *actus* wat miskien nie eers uitgevoer is nie. Ons moet in Christus ingelyf word deur een of ander *habitus*, wat dit ookal is.

---

[54a]) D.i. ons word goddelik deur die genade, wat 'n sekere geestelike hoedanigheid is wat deur die uiters goeie God in die siel ingegiet word.

[55]) cf. PETR. LOMB. *Lib. III, Dist. XXIII. Credere in deum est credendo amare, credendo in eum ire, credendo ei adhaerere et eius membris incorporari. Per hanc fidem justificatur impius.* (*Aug.* Enarr. in Ps. 77,8 Sermo 144, 2.) VERTALING: Om te glo in God is om al gelowende Hom lief te hê, om al gelowende tot Hom te gaan, om al gelowende Hom aan te hang en om met sy ledemate een liggaam te word. Deur hierdie geloof word die goddelose geregverdig.

[56]) HÜNERMANN. *op. cit.* p. 48.

[57]) So had Hy immers ook aan die mens die genade wat 'n sekere deelname aan die godlike natuur is, toebedeel sodat die mens deur hierdie saad wat as 't ware gesaai was, langsaam tot die deelname aan die godlike geluksaligheid gebring sou word.

[58]) ib. p. 50.

[59]) DITTRICH, *op. cit.* p. 228.

[60]) ib. p. 387.

[61]) ib. p. 349.

Volgens CONTARINI het dit duidelike steun in die Skrif. Volgens die Evangelie van Johannes word ons deur die geloof opnuut gebore en ons word kinder van God; *omnis autem nativitas terminatur ad participationem novae cuiusdam naturae*. Dit hang nou saam met die mistieke *coniunctio cum deo*, en met die inwoning van Christus en sy Gees in die mens. In die tweede verband meen CONTARINI dat dit netso goed op grond van die Skrif aangetoon kan word, dat, hoewel die gawe waardeur ons *formaliter* geregverdig is *imperfecta* en *inchoata* is, God die ontbrekende aanvul (*defectui supplet*) *per imputationem iustitiae Christi*. Die *iustitia* waarom dit nou gaan is 'n *rectitudo voluntatis*, wat daarin bestaan dat die wil aan God onderworpe is en die laere drifte beheers. Dit kan in mindere of meerdere mate voorkom. Om te sê dat alle sondes en alle deugde gelyk is, is 'n *dogma Stoicorum*. Die *rectitudo voluntatis* is in elkeen in wie die Heilige Gees is. In die kantlyn kom die opmerking voor: *Si spiritus sanctus dicatur haec rectitudo nostrae voluntatis, quare non potius ipsum Christum nobis inhabitantem una cum suo spiritu nostra iustitia erit . . .*[61a])

CONTARINI be-eindig sy brief deur nog daarop te wys dat die *habitus* ook in die kindertjies aanwesig kan wees en met 'n versoek aan PIGHIUS om hom tog nie weer te antwoord nie, want *fugio magis quam inferos contentiones omnes praesertim cum amicis*.

Hier blyk dit dus alweer duidelik dat die imputasie van die geregtigheid van Christus vir Contarini nou saamhang met die mistieke teenwoordigheid van Christus in die mens. God vul, wat aan ons kant ontbreek, aan met Christus se geregtigheid omdat Hy en sy Heilige Gees in ons woon en ons wil beheers. Tenslotte nog een sitaat uit 'n brief aan SADOLET[62]): Hier prys hy Thomas as beatus omdat hy gedink het dat die genade waardeur ons eerste regverdig gemaak word geen *caritas* is nie, maar 'n *participatio divinae naturae*, waaruit die liefde vloei . . . Hierdie sitate wys myns insiens almal in dieselfde rigting as wat CONTARINI in die *de Justificatione* gaan. Sentraal staan die vergoddelikingsgedagte, die sg. *fisiese verlossingsleer*, die wedergeboorte, inlywing in die liggaam van Christus. Dit alles draai om die mistieke teenwoordigheid van Christus en die Heilige Gees in ons. In noue verband hiermee staan die meer rasionele gedagte van toerekening van die geregtigheid van Christus by wyse van aanvulling, sowel as die vergewing van sondes.

Na hierdie enkele sitate kan ons probeer om self 'n oordeel te vel oor die regverdigingsleer van CONTARINI en in die besonder oor sy geskrif *de Justificatione*.

Soos ek getrag het om aan te toon, bestaan daar in die eerste plek ooreenkoms met die artikel oor die regverdiging van die *Liber Ratisbonensis*. Ons kan die *de Justificatione* dus vrywel seker as 'n verduideliking en

---

[61]*a*) As die Heilige Gees hierdie regte wilsrigting van ons genoem word, waarom kan ons nie liewer (spreek) van Christus self wat in ons woon nie (en is Hy nie) tesame met sy Gees ons geregtigheid nie?

[62]) ib. p. 302.

selfs verdediging van hierdie artikel noem. Dat dit die geval is blyk oa. ook uit die interessante brief gepubliseer deur BRIEGER,[63]) wat hy ter verduideliking met die artikel na Rome saamgestuur het. Hierin verduidelik hy tweërlei oor die artikel. Eerstens verduidelik hy die stelling: *quod non debemus niti iustitia nobis inhaerente, qua efficimur iusti et bona operamur, sed debemus niti iustitia Christi, quae nobis imputatur propter Christum et meritum Christi*, want hierdeur is ons geregverdig voor God, *id est habiti et reputati justi. Hanc conclusionem nos putamus esse verissimam, catholicam et valde piam.* Op grond van 'n uitspraak van AUGUSTINUS teen die Pelagiane het die katolieke teoloë tot hierdie *verissima conclusio* gekom.

Verder gee hy rekenskap daarvan waarom hulle die uitdrukking *meritum*[64]) nie ivm. die goeie werke gebruik het nie — nl. omdat ook THOMAS alleen van 'n *meritum secundum quid* spreek. Dit is 'n term wat dubbelsinnig is en dit kan aanstoot gee aan die protestante. Die wesenlike betekenis van die begrip *meritum* het daarmee vir CONTARINI self nie verdwyn nie. In die *de Praedestinatione* kan hy nog van 'n verdien van die ewige saligheid spreek. In die *de Justificatione* speel die begrip egter ook geen rol nie. (Behalwe as *meritum Christi*). Die weglating hiervan gee dan ook die geskrif 'n kompromis-karakter. En as verduideliking van 'n artikel wat op sigself al 'n kompromis was, kan ons nie veel anders verwag nie.

Die vraag is egter hoe ver die kompromis reik. Die wesenlike in die traktaat is myns insiens katoliek. CONTARINI bly beweeg binne die thomistiese teologie, soos ek probeer aantoon het. Hyself meen dat hy by THOMAS en AUGUSTINUS aansluit en uiterlik blyk dit al uit 'n hele aantal sitate uit AUGUSTINUS en THOMAS. Hy was in elk geval seker daarvan dat hy trou bly aan die katolieke leer.[65]) Veral blyk dit bv. uit sy brief aan FARNESE van 23 Aug. 1541.[66]) Daar dit tiperend is van sy houding gee ek graag die volgende sitaat daaruit: *Non voglio tacere a V.S. Roma., che come sono stato in Italia, ho trovato una fama, che a Roma sono stato trattato da Lutherano, la qual cosa principalmente mi dispiace della Sede Apostolica, che di un suo legato et del Padre Maestro Sacri Palatii, persona tanto dotta et da bene, le genti cosi sfacciamente parlino con la testa nel sacco in Roma, et tanto più, che io già molti anni et da molti sono conosciuto, in che a varie persone da materie di far varie interpretationi . . . Ben supplico Sua Santità, che in quel articulo de justificatione suspenda il giuditio sino alla mia venuta perche spero di farli vedere luce . . . e mostrare, che quelli che dicono, che questa è positione Lutherana, non sono bene informati di quello, che dicono i Lutherani in questo, ne hanno ben considerato, quello che hanne*

---

[63]) Z. *fur Kgesch*. p. 591vv.

[64]) cf. *Brief aan Bembo*. DITTRICH. *op. cit*. p. 341.

[65]) cf. Sy memoriale aan Karel V. DITTR. 326. Die wyse waarop hy die versoening met die protestante voorgestel het was dat hulle terugkeer *al senso catholico di tutta la chiesa* (gesê ivm. die sakramente).

[66]) DITTRICH. *op. cit*. p. 347.

*scritto li sacri dottori sopra ciò massimamente Sant' Agostino et San Tomaso.*[67]) Hy wys ook daarop dat LUTHER self met leedwese van die artikel oor die regverdiging kennis geneem het en aan MELANCHTHON geskrywe het dat dit nie met sy eie leer ooreenkom nie. CONTARINI self wys dus die aanklag van Lutheranisme ten seerste af. Hy is oortuig dat hy sy leer put uit AUGUSTINUS en THOMAS. Hierdie Augustiniaans-thomistiese grondslag kan mens dwarsdeur sy geskrif erken. Dit is seker dat *sakramentele mistiek* 'n groot rol in sy geskrif speel. Sy aandag bly, soos by THOMAS by die verheffing van die mensenatuur deur die genade, wat meegedeel word in die sakramente. Dit staan weer in noue verband met die mistieke omgang van die mens met God en Christus en met die inwoning van Christus en die Heilige Gees. Dog hier lê ook die verband met die *Kerk*: die Kerk as *corpus mysticum*. Die regverdiging kan alleen via die Kerk gaan wat hierdie sakramente beheers.

Katoliek is CONTARINI in sy beskrywing van die disposisie, waarin goddelike genade en mensewil saamwerk.[68]) So is ook sy leer van die die gratuiteit van die genade, Rooms.[69]) Dieselfde is die geval met sy geloofsbegrip. Ook hier bly CONTARINI Katoliek, al lê daar in sy gebruik van die term *fiducia* 'n bepaalde mate van toenadering tot die protestantisme. Dog ook hier lyk dit my die beste om die saak so te stel: Contarini probeer hierdie tipies protestantse beskouing invoeg in die katolieke leer en hy stel die *fiducia* myns insiens, soos aangetoon op een lyn met die *assensio*. Ook hier gaan dit nooit buite die Kerk om nie.

Die eienaardigheid van sy leer lê egter in die *dubbele regverdigingsleer*. Die eerste, die *inherente geregtigheid* is beskrywe in ooreenstemming met die katolieke leer, en soos aangetoon is dit nou verbonde met die sakramentele. Teenoor BRIEGER[70]) en met HÜNERMANN[71]) meen ek dat dit ook duidelik vir hom die primêre, die vooronderstelling en grondslag van die toegerekende geregtigheid is. Die beslissende is die inwoning van Christus in die gelowige; alleen op grond hiervan kan daar vergewing van sondes wees en kan die verdienste van Christus ons toegereken word. Dus ook hier is CONTARINI weer thomisties.[72]) Die heilswerk van Christus kom slegs die lede van sy liggaam ten goede. Ons het hier twee gedagtes,

---

[67]) Ek wil nie vir u, Eminensie van Rome, verswyg dat toe ek in Italië was, ek 'n gerug gehoor het dat ek in Rome as Lutheraan beskou word, 'n feit wat my grootliks mishaag van die Apostoliese stoel, dat die mense so onbeskaamd en ligsinnig (lett. met die kop in die sak) in Rome praat van een van sy legate en van die Vader Meester van die Heilige Paleis, so 'n geleerde persoon en van so goeie hoedanigheid; en des temeer nog omdat ek reeds baie jare lank en by baie mense bekend is daarvoor dat ek aan verskillende persone verskillende verklaringe van dinge gee . . . Ek smeek sy heiligheid dan wel dat hy in hierdie artiekel oor die regverdigmaking sy oordeel uitstel tot met my koms, omdat ek hoop om hom lig te laat sien . . . en ek sal aantoon dat die wat sê dat dit 'n Lutherse standpunt is, nie goed op die hoogte is van wat die Lutherane hieroor sê nie en ook nie goed oorweeg het wat die heilige geleerdes hieroor geskryf het nie, en veral dan die Heilige Augustinus en Thomas.

[68]) HÜNERMANN, *Tub. Theol. Quartalschr.* p. 11vv.

[69]) ib. p. 12.

[70]) *St.Kr.* p. 116.

[71]) *op. cit.* p. 16.

[72]) cf. *S.Th.* III, q. 48 Art. I. HARN. *Dg.* III, p. 539.

wat ook by AUGUSTINUS en THOMAS met mekaar saamgaan, nl. die meer misties sakramentele vernuwing naas die vergewing van sondes; dog dan twee gedagtes wat nou met mekaar saamgaan, sonder dat dit streng uitmekaar gehou is. Dit is alleen CONTARINI se term daarvoor „*duplex iustitia*" wat 'n skeiding in regverdiging en heiligmaking suggereer. Hierdie protestantse onderskeiding ken CONTARINI gladnie — dit in teenstelling met BRIEGER.

Ons kan dus konkludeer dat die *de Justificatione* van CONTARINI sy eienaardige karakter kry deur sy hoedanigheid as verklaring van 'n kompromis-formule. Hierdeur lyk dit self ook na 'n kompromis omdat hy eg protestantse terme soos *fiducia* en *imputatio* gebruik en 'n moeilike begrip soos *meritum* weglaat; veeleer probeer CONTARINI hierdie terme gebruik binne die kader van sy eie, meer misties sakramentele teologie. Hoe dit ook al sy, dit was juis hierdie terme wat hom in Rome verdag gemaak het en die sensuur van die inkwisisie op die hals gehaal het en veral die *imputatio* is deur *donatio* vervang. Die kern bly egter Rooms en die sakramentele mistiek en die Kerk as mistieke liggaam van Christus het die laaste woord in sy leer.

J. A. A. STOOP.

---

BIBLIOGRAFIE:

THEODOR BRIEGER: *Die Rechtfertigungslehre des Cardinal Contarini. Theol. Studien und Kritiken* 1872 p. 87vv.

*Aus italianischen Archiven und Bibliotheken: Zeitschrift f. Kirchengeschichte.* 1882 p. 574vv.

FR. DITTRICH: *Regesten und Briefe des Cardinals Gasparo Contarini.* Braunsberg 1881.

FR. HÜNERMANN: *Gasparo Contarini: Gegenreformatorische Schriften:* Corpus Catholicorum 7, Münster 1923.

FR. HÜNERMANN: *Die Rechtfertigungslehre des Kardinals Gasparo Contarini, Tübinger theologische Quartalschrift.* 1921 p. 1vv.

R. SEEBERG: *Beiträge zur Entstehungsgeschichte der Lehrdekrete des Koncils von Trient in: Zeitschrift fur kirchliche Wissenschaft und kirchliches Leben.* 1889 p. 743—800.

*Lehrbuch der Dogmengeschichte*[2],[3]IV, 2, p. 747 vv. Leipzig, 1920.

Art. *Contarini* en *Regensburgerbuch in PRE.*